R. MENDELSOHN
*Sammy Marks, "The Uncrowned King of the Transvaal"*
Kaapstad: David Philip Publishers
1991
304 pp.
R45,00 (Sagtebanduitgawe)
R75,00 (Hardebanduitgawe)
ISBN 0-86486-188-5

In die inleiding van hierdie werk meld Mendelsohn dat mites oor die Russiese Jood Samuel Marks oor die jare heen gefloreer het. Hy skryf dit toe aan die feit dat daar tot in 1984 min dokumentasie oor dié legendariese figuur beskikbaar of bekend was. Maar in 1984 het historici vir die eerste keer verneem van 'n groot versameling dokumente wat in 'n kluis langs die kombuis van Marks se tuiste buite Pretoria bewaar is.

Deur die samewerking van die Samuel Marks Trust en die Kaplan-Kushlik Foundation is hierdie versameling na die Universiteit van Kaapstad oorgeplaas waar dit gedokumenteer is. Die kern van die versameling bestaan uit 40 brieweboeke wat letterlik duisende kopieë van briewe bevat wat lig werp op Marks se persoonlik lewe, sy sakelewe en politieke loopbaan tussen 1880 en 1920. Verder bevat die versameling finansiële verslae ten opsigte van sy sakelewe en huishoudelike aangeleenthede. Hierdie unieke versameling dokumente het die outeur in staat gestel om 'n deeglike en uitvoerige biografie oor Marks te skryf.

Die werk bevat veertien hoofstukke, waarvan Hoofstuk 1 getitel is "Beyond the Pale, 1844-1882". Die leser word bekend gestel aan Marks se geboorteland, Litaue, sy afkoms en agtergrond. Klaarblyklik het Marks, wat uit 'n behoeftige gesin gekom het, slegs laerskoolopleiding deurloop voordat hy in 1861, nog voor sy 18de verjaarsdag, na England geëmigreer het. In die industriële stad Sheffield, is Marks deur 'n vooraanstaande lid van die Joodse gemeenskap aldaar, Tobias Guttmann, onder die vleuels geneem. Op dié se aanbeveling en met sy finansiële bystand, het Marks in 1868 na Suid-Afrika vertrek.

In Kaapstad het Marks begin smous en het kort daarna in 'n vennootskap getree met 'n verlangse neef van hom, Isaac Lewis. Met die ontdekking van diamante in 1871 het die twee vennote dadelik met handelsware vertrek na wat later as die Kimberleymyn bekend sou staan. Omdat handelsware op die delwerye skaars was, was hulle onderneming baie winsgewend. Hulle is gotendeels met diamante betaal en het spoedig besef dat dit veel meer lonend is om met diamante handel te dryf as met skaars handelsware.

En dan ontvou die verstommende verhaal van hoe Sammy Marks spoedig 'n fortuin op die diamantvelde gemaak het; hoe hy na sy eerste besoek aan Pretoria in 1881 die ekonomiese moontlikhede van dié gebied ingesien en begin ontgin het; hoe hy talle struikelblokke in die pad van sy ideale met doelgerigtheid oorkom het om uiteindelik 'n gesiene en vermoënde nyweraar en grondbaron te word.

Uit hierdie biografie word dit vir die leser duidelik dat Marks 'n mens was met buitengewone mensekennis, versiendheid en ondernemingsgees - en iemand wat verkieslik sy mantel na die wind gedraai het. Hoofstuk 5 is paslik getitel: "Courting Kruger: Sammy Marks and the President". Mendelsohn se navorsing toon dat Marks alles in sy vermoë gedoen het om pres. S.J.P. Kruger (die "Old Man", soos

hy gewoonlik na hom verwys het), se goeie gesindheid te behou. Dit het onder meer duur geskenke, persoonlike lenings en sakeverbintenisse met die groot Krugerfamilie behels (p. 88). Marks het die President dikwels besoek om op goeie voet met hom te bly en afgesien van persoonlike gunste aan hom en ander Boeregeneraals, het hy ook 'n verskeidenheid dienste aan die staat gelewer, "... some minor, but some quite major and, at least potentially, very profitable for the firm - (Marks clearly espoused Cecil John Rhodes's credo of patriotism plus ten per sent)" (p. 93).

Tog dui Mendelsohn daarop dat Marks, ten spyte van sy "peculiar status within Transvaal society" (p. 123), wat hy gehandhaaf het deur sy noue verbintenis met die heersende elite, steeds 'n Uitlander gebly het wat hom kultureel en sosiaal met die Engelse kultuur geïdentifiseer het. Daarom kon Marks in September 1900 (tydens die Anglo-Boereoorlog) entoesiasties aan sy seun Louis in Engeland skryf: "I had the pleasure of entertaining in my house some of the most distinguished British generals ..." (p. 124). So het lord Roberts, sy vrou en twee dogters Marks in Oktober 1900 by sy huis Zwartkoppies besoek en is daar sorg gedra dat 'n groot ophef van die besoekers gemaak is.

Maar Marks, die opportunis, het besef (soos Mendelsohn dit stel), dat die Afrikaners die natuurlike heersers van die land is: "... Marks had close personal ties with the Boer leaders - intimate ties which predated and survived the war and which would have made him more sympathetic than most to the Afrikaner cause once he had shaken off his wartime jingoist fever" (p. 151). So het dit dan gebeur dat Marks die party (Het Volk begin ondersteun het en Mendelsohn beskryf sy politieke ommeswaai heel treffend: "Between 1899 and 1907 Milner's favourite Vicar of Bray had swung from Krugerism through Milnerism to Het Volkism, an impressive feat of political acrobatics" (p. 154).

Op 'n objektiewe wyse stel Mendelsohn dit onomwonde dat Marks politiek en godsdiens benader het soos dit sy sak gepas het. Maar dan staan 'n mens opeens verbaas oor dié verregaande stelling van Mendelsohn: "Britain, after all, was compensating those who had started the war" (p. 140) - dit is per slot van sake 'n erkende historiese feit dat die Anglo-Boereoorlog deur Brittanje aangevoer is en beslis nie deur die Z.A.R. nie.

Mendelsohn verdien lof vir hierdie deeglike wetenskaplike studie wat op talryke primêre en sekondêre bronne berus. Die foto's is insiggewend en toepaslik, maar word ongelukkig nie in 'n aparte lys van illustrasies verantwoord nie en dit is jammer dat almal nie volledig gedokumenteer is nie. Verder is die sagtebanduitgawe van dié werk nie stewig gebind nie - na die eerste deurblaai daarvan het die eerste gedeelte van die boek losgeraak.

Hierdie is 'n waardevolle studie wat vir die eerste keer aan die lig bring wat die werklike omvang en betekenis van Marks se bydrae tot Suid-Afrika se geskiedenis was - veral op nywerheidsgebied.

E.E. PRETORIUS
*Universiteit van Pretoria*